# Senior studente se vertellings ten opsigte van hul behoeftes in voorbereiding op indiensneming

---

Die proses om gegradueer te word is nie eenvoudig nie. Hierdie studie fokus op dit wat senior studente ons vertel en wat hulle behoeftes is in voorbereiding vir die werksmark. Alhoewel die werkloosheidsyfer vir gegradueerdes nie so hoog is as die algehele werkloosheidsyfer in Suid-Afrika nie, dra die werkloosheid van gegradueerdes nie by tot die toekomstige leierskap en ontwikkeling van die land nie. Navorsing wys dat gegradueerdes onvoorbereid voel ten opsigte van hul toetrede tot die werksmark. Boonop vereis die vinnige veranderinge in die wêreld van werk dat gegradueerdes bekwaam moet wees, met uitgebreide vaardighede. Daar is verskillende benaderings tot die ontwikkeling van vaardighede vir gegradueerdes se indiensneming maar die studente se 'stem' ten opsigte van voorbereiding vir indiensneming kom egter nie sterk na vore nie. Hierdie studie se doelwit was om die oënskynlike tekort aan navorsing oor studente se behoeftes en stemme te ondersoek en identifiseer in hulle voorbereiding vir die werksmark, diensbaarheid en fisiese indiensneming. Onderhoude is met nege nagraadse studente gevoer en na 'n analise van die data deur die luistergidsmetode, het hulle behoeftes in terme van persoonlike en sosiale hulpbronne sigbaar geword. Dit was ook duidelik dat die voorbereiding vir indiensneming ‘n individuele groeiproses is in die ontwikkeling van die vermoëns noodsaaklik vir indiensneming, sowel as om aangestel te word. Hoe studente geposisioneer word in terme van hulpbronne vir indiensneming, sal bepaal of 'n suksesvolle professionele identiteit gevorm word, al dan nie. Hierdie studie dui aan dat ‘n student se selfvertroue ‘n belangrike rol speel om omvattend te kan verstaan hoe studente voorberei vir indiensneming en stel ‘n professionele identiteitsmodel voor wat studente kan lei in die oorgang na die werksmark.

---

Liesl Cornelia Cronje

Studieleier: Prof Liezel Frick